agriculture

Department: Agriculture
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**DEPARTEMENT VAN LANDBOU**

**OESSKATTINGSKOMITEE**

**MEDIAVERKLARING**

**DEPARTEMENT VAN LANDBOU VRA BOERE SE ONDERSTEUNING VIR OESSKATTING**

- **Akkurate oesskatting in almal se belang**
- **Vrystaat-, Mpumalanga-, Gauteng- en Noordwes-boere binnekort gekontak**

**Veldwerkers sal boere in die Vrystaat, Mpumalanga, Gauteng en Noordwes van 2 tot 17 Februarie 2006 kontak om oesskattingsinligting in te win. Deur dié opname sal inligting verkry word oor die aantal hektaar somergewasse aangeplant en die verwagte oesopbrengste vir die somerseisoen.**

Graan Suid-Afrika, die Meulenaarskamer en ander produsenteorganisasies, soos die graansilo-eienaars, ondersteun die oesskattingsprojek en doen 'n beroep op boere om hul volle samewerking te verleen. Mnr. André Ferreira, senior ekonoom: produksie, van Graan Suid-Afrika, sê dié inligting is van groot nut vir boere en ander rolspelers in die graanbedryf om te beplan vir die verkoop, vervoer, berging en bemarking van die gewasse.

'Die metode wat gevolg word, naamlik persoonlike onderhoude op die plaas met boere deur boere, is verreweg die beste manier om akkurate inligting te bekom. Die oogmerk van die opname is juis om boere vroegtydig te waarsku wanneer 'n tekort of 'n surplus verwag kan word om hulle in staat te stel om die regte besluite te neem,' sê hy. Hy beklemtoon ook dat boere juis as onderhoudvoerders gebruik word omdat hulle die bedryf, omgewing, boere en gewasse ken. 'Dit verminder ook die sekuriteitsrisiko aangesien die boer nie 'n vreemdeling op sy plaas hoef toe te laat nie, maar openhartig met iemand kan praat wat hy ken, ' sê mnr Ferreira.

Dié opname word deur die Oesskattings**konsortium**, onder leiding van die Landbounavorsingsraad, gedoen. Dit is een van die metodes wat die Oesskattings**komitee**, onder die vaandel van die Departement van Landbou, gebruik om maandeliks oesskattingsinligting in te win. Die komitee is saamgestel uit verteenwoordigers wat geen gevestigde belang by die oesskattings het nie, soos die Departement van Landbou, verskeie landbounavorsingsinstitute, Statistiek SA en die Nasionale Landboubemarkingsraad**.** Aanvullend tot dié opname wat in Februarie gedoen word, onderneem die departement ook fisiese, pos- en telefoonopnames.

Volgens mnr. Rodney Dredge, voorsitter van die Oesskattingskomitee, is tydige, akkurate, onbevooroordeelde en betroubare oesstatistiek wat deur die Oesskattingskomitee as 'n objektiewe bron verskaf word, van uiterste belang om gerugte gerig op markmanipulasie en onregverdige prysbeinvloeding, hok te slaan.

In die Februarie-studie gebruik die Oesskattingskonsortium onder meer hoogs gevorderde wetenskaplike metodes en moderne tegnologie soos geografiese inligtingstelsels, globale posisioneringstelsels, satellietbeelde en 'n gevorderde internetdatabasis om betroubare resultate te verseker. Daaglikse opdatering van inligting deur veldwerkers**,** wat die onderhoude voer, sal deur middel van die internetdatabasis gedoen word. Satelliettegnologie sal die nodige hulpmiddels verskaf om die grootte van gebiede te verifieer vir geselekteerde gehaltekontrolepunte.

Die veldwerk sal hoofsaaklik deur boere gedoen word wat opleiding ontvang het om die oesskatting te doen. Personeel van die Landbounavorsingsraad (Insituut vir Grond, Klimaat en Water) sal vir die gehaltekontrole verantwoordelik wees. 'n Arbitrêre kruisseksie van plase sal deel vorm van die opname. Die inligting van hierdie plase sal statisties op die totale provinsie van toepassing gemaak word om 'n skatting van die gebied te verkry.

Die meeste van die onderhoudvoerders wat verlede jaar se oesskatting behartig het, word weer vanjaar gebruik. Dit is om deurlopendheid te verseker en om 'n volledige databasis van gekwalifiseerde veldwerkers wat oor die nodige ondervinding beskik, regoor Suid-Afrika op te bou. Die opname sal na raming teen middel-April 2006 voltooi wees.

Alle onderhoudvoerders sal in besit wees van ‘n identiteitskaart met ‘n foto en ‘n vervaldatum, asook ‘n pet met die woorde *‘Oesskatting / Crop estimates’* daarop**,** wat hulle maklik identifiseerbaar sal maak. Die agtergrond van die identiteitskaart is geel.

Mnr Dredge het boere verseker dat alle inligting as streng vertroulik beskou sal word en slegs vir oesskattingsdoeleindes aangewend sal word. Elke onderhoudvoerder moet verder ‘n vertroulikheidsooreenkoms onderteken voor hulle aan die opname mag deelneem. Die inligting bly kragtens Afdeling 17 van die Wet op Statistiek, 1999 (Wet no 6 van 1999) die uitsluitlike en vertroulike eiendom van die Departement van Landbou.

Nadere inligting is beskikbaar van mnr**.** Rodney Dredge, tel (012) 319-8454; faks (012) 319-8031 of e-pos: SMAS@nda.agric.za.
Einde.

**UITGEREIK NAMENS DIE OESSKATTINGSKOMITEE DEUR COMMUNICATION XELLENCE OP 13 JANUARIE 2006. MEDIANAVRAE EN VERSOEKE VIR ONDERHOUDE: ANNA-MARIE ROUX, 082 5755 692**